Die kenners se soektog na Suid-Afrika se No. 1 Boerewors het begin!. Honderde hoopvolle Kampioene swoeg reeds in kombuise regoor Suid-Afrika in ‘n poging om die kuns van boerewors-maak te bemeester.

Het jy ook ‘n geheime boerewors resep wat net wag om ontdek te word? Miskien ‘n ou betroubare familie-resep wat van generasie na generasie oorgegee is, of die produk van jou eie liefde vir eksperimentasie en passie vir smaakvolle interressanthede? As jy dink jy kan goed genoeg toor met boerewors om kos-connoisseur, Nataniël, en sy paneel van koskenners, hul lippe te laat aflek, kry dan nou jou inskrywing reg vir vanjaar se Shoprite Checkers Championship Boereworskompetisie.
Inskrywings sluit om 17h00 op Vrydag 10 Julie!

Shoprite en Checkers se Championship-boerewors is ‘n tradisionele boerewors en daar is riglyne wat gevolg moet word vir die maak daarvan. Resepte wat ingeskryf word vir die kompetisie sal deur die Suid-Afrikaanse Sjefsvereniging (SACA), wat verantwoordelik is vir alle beoordelingsprosesse, teen hierdie riglyne gemeet word vir goedkeuring. As jy wil kwalifiseer vir die kompetisie sal jy moet seker maak dat jou resep geldig is.

Die boereworsresepte wat elke jaar ingeskryf word, is altyd van uitsonderlike gehalte. Die beoordelaars vind hul taak ‘n groot uitdaging en hulle vind dit toenemend moeilik om ’n wenner te kies. Juis hierom is vermaaklikheidster en passievolle koslegende, Nataniël, se hulp ingeroep om te verseker dat net die beste boerewors die Championship-kroon dra. Om hom en SACA in die soektog na die 2009 Championship Boerewors by te staan het Nataniël verder vier van die land se vernaamste sjefs byeengeroep - bekroonde restaurateur, Peter Veldsman; welbekende SA kosredakteur, Dorah Sitole; befaamde restaurant eienaar, Reuben Riffel; en Sunday Times Sjef van die Jaar, Arnold Tanzer.

Ná die sluitingsdatum vir inskrywings op 10 Julie, is die volgende stap in die soeke na die 2009 Boerewors-kampioen die ongeveer 80 streekrondes wat op Saterdae 15, 22 en 29 Augustus by uitgesoekte winkels landwyd gehou word. Die streekwenners neem daarna deel aan provinsiale rondes geskeduleer vir Saterdag 19 September.

Die uitklopronde vind plaas in die Valley of Waves in Sun City op Saterdag 3 Oktober wanneer die provinsiale wenners die laaste geleentheid het om te veg vir die gesogte Boerewors-kroon. Die wenner van die finale ronde sal wegry met ‘n voertuig gepas vir ‘n kampioen – ‘n splinternuweTOYOTA Hilux 2.7 Double Cab Raised Body Raider! Die tweede- en derdeplek wenners gaan egter nie met leë hande huis toe nie, maar ontvang elk vakansie-geskenkbewyse ter waarde van R10 00 and R5 000 onderskeidelik, sowel as kontantpryse van Coke-Cola en geskenkbewyse van Simba. Finaliste word na Sun City gevlieg en Skouspelkaartjies sowel as verblyf is deel van hul prys as finalis.

Inskryfvorms is beskikbaar by enige Shoprite, Checkers of Checkers Hyper vleismarkte of aanlyn by www.championshipboerewors.co.za.

Trek aan jou voorskoot, draai daardie vleismeul, kies jou geheime speserye … en stuur vandag nog jou unieke boerewors-resep in!

Einde

Vir redaksionele navrae:
Sarita van Wyk, Shoprite Checkers, svwyk@shoprite.co.za, 021 980 4269
22 Junie 2009